DAAGLIKSE GEBEDSGIDS – JUNIE 2010

MAAR GOD

Beste Bidders

Die sokkerbeker is op hande, toeriste stroom die land binne, almal het sokkerkoors en die paaie en gastehuise is stampvol. My hart is vol verwagting dat God kragtige dinge in hierdie tyd sal doen. Wanneer ons bid, is dit belangrik om met geloof en verwagting te bid. God is die God van die onmoontlike, wat beteken dat alles vir Hom moontlik is.

Om God te sien

Ons wil almal so graag die Here sien, met Hom praat en wil hê dat Hy met ons sal praat. Die probleem kom egter wanneer Hy Homself so openbaar dat ons Hom wel kan sien en Hy praat dat ons Hom wél kan hoor. Kan ek dit in die woorde van C.S. Lewis sê: "There comes a moment when the children who have been playing at burglars suddenly became quiet: was that a *real* footstep in the hall? There comes a moment when people who have been dabbling in religion suddenly draw back. Suppose we really find Him? We never meant it to come to *that!* Worse still, suppose He had found *us*?" Sien, die probleem is nie om na God te soek nie, maar wat om te doen as ons Hom vind! Wanneer God Homself openbaar, gaan dit oor Hom en nie meer oor onsself nie. Oor en oor sien ons in die Skrif hoe mense "God gesien" het. Kyk na wat Jesaja beleef het toe hy God in die tempel gesien het (**Jes.6**). En dit wat die apostel Johannes gesien het op die eiland Patmos? (**Open.1:9-20**). Lees van Paulus se ontmoeting met Jesus op die Damaskuspad (**Hand.9**). Om God te sien, so beskryf die Bybel die ontmoetings wat mense met God gehad het, kan dikwels 'n angswekkende ervaring wees. God is ons Vader, maar Hy is ook soewerein. Jesus is die Verlosser, maar Hy is ook die Here. Sy woorde is soos die balsem van Gilead, maar ook soos 'n swaard met twee snykante wat alles oopvlek. In die laaste maande het ek weer die verhale van herlewings in die geskiedenis gelees. Soms word geskryf dat dit 'n skrikwekkende ervaring was – selfs vir toegewyde Christene. Daar is mense wat agterna gesê het hulle hoop hulle beleef nie weer die uitbreek van 'n herlewing nie – veral nie in die eerste fase van herlewing wanneer God se heiligheid soos 'n vuur onder mense begin brand het nie.

Laat ons tot God nader en Hom vra om genadig te wees wanneer Hy tot ons nader.

Mensehandel (Human trafficking)

Die sokkerbeker het 'n hernude fokus op die hele aspek van mensehandel geplaas. Dit is die industrie in die wêreld wat die vinnigste groei. Miljarde dollars is op die spel. Dit is moeilik om te sê wat die grootste euwels in ons samelewing is, maar mensehandel is verseker onder die boonste vyf. Mag God ons harte hieroor aanraak en mag tienduisende Christene opstaan om prakties iets aan hierdie saak te doen. Daar is meer inligting hieroor in ons gebedsgids. Moedig asseblief ander aan om saam met jou hieroor te bid.

Ramadaan

Ramadaan, die vasmaand van Moslems is ook die maand wanneer miljoene Christene reg oor die wêreld tot God roep dat Hy Homself aan Moslems sal openbaar en dat hulle Jesus as die Seun van God sal sien. Die konsep dat God 'n Seun kan hê, is vir Moslems 'n lasterlike gedagte. Dit is deur tekens, wonders en direkte openbarings (drome en visioene) van Jesus self dat groot hoeveelhede Moslems tans tot bekering kom. Daar is jaarliks miljoene bekeerlinge uit Islam. In Algerië word berig van 'n geweldige beweging van die Heilige Gees onder die Kabyle Berbers, wat in 2 000 dorpies en stede in die berge woon. Die eerste bekeerlinge het eers in 1990 gekom. Vandag is daar Christene en in baie gevalle ook kerke in letterlik al 2 000 dorpe en elke jaar kom duisende tot

bekering. Dieselfde tendens is sigbaar in ander lande. In Indonesië was daar in 1965 slegs 2 miljoen Christene, tans is daar meer as 45 miljoen, bykans 20% van die bevolking. In lande soos Egipte en Soedan word dieselfde stories vertel. Laat ons aanhou bid. God hoor en verhoor. Hierdie geweldige toename in bekeerlinge het in 1992 begin toe daar reg oor die wêreld verskeie nuwe gebedsinisiatiewe geloods is waar miljoene Christene jaarliks gefokus vir die bekering van Moslems begin bid het.

Dink wat jy doen wanneer jy bid

Wanneer ons bid, staan ons voor die Allerhoogste God, die Een wat alles gemaak het. Die een wat blomme en muggies en triljoene der triljoene sterrestelsels geskep het. So dikwels beperk ons God tot die grootte van ons eie probleme en weeg ons ons probleme teen die grootheid van God op. Dis byna asof daar dan in ons gedagtes 'n stoeigeveg tussen God se mag en die grootte van ons probleme ontstaan en ons maar hoop dat God sal wen. Om te kan bid, moet ons God kan "sien" met oë van geloof; dat ons Hom uit Sy dade en optrede in die Skrif sal ken. Laat ons weer opnuut vir God in die Skrif ontdek en ons beroep op dié God wat vandag dieselfde God is as die God in die tyd van die Bybel. Beroep jou op die bloed en die kruis van Jesus. Beroep jou op die Heilige Gees wat die Vader aan Sy kerk gegee het.

Ons staan nooit verleë wanneer ons voor God staan nie. Ons staan voor 'n Vader wat van Sy kant af ons genooi het om met Hom te kom praat. Soos iemand gesê het: gebed is nie om God se onwilligheid te oorkom nie, maar om met geloof ons op God se begeerte om ons te help, te beroep. Mag Sy vrede in ons harte wees en laat ons ons in die Here verbly.

Ef.3:20
Bennie Mostert
Besturende Direkteur: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Aanhalings

Gebed is selfdissipline. Om moeite te doen om die teenwoordigheid en krag van God te leer ken, strek die senuwees van die siel en versterk sy spiere. Om te bid is om in genade te groei. Tyd in die teenwoordigheid van die Koning deurgebring, lei tot nuwe lojaliteit en toewyding aan die kant van sy getroue onderdane. Christelike karakter groei in die geheime plek van gebed. - Samuel M. Zwemer

Wees bo alles in jou gebede versigtig om God nie te beperk nie, nie net deur ongeloof nie, maar ook nie deur jou te verbeel dat jy weet wat Hy kan doen nie. Verwag onverwagte dinge, ‘oneindig meer as wat ons bid of dink’. Elke keer, voordat jy intree, word eers stil en aanbid God in Sy heerlikheid. Dink aan wat Hy kan doen en hoe Hy dit geniet om die gebede van Sy verloste kinders te hoor. Dink aan jou plek en voorreg in Christus en verwag groot dinge! - Andrew Murray

Die krag van gebed is nog nooit ten volle in enige kerk benut nie. As ons magtige wonders van goddelike genade en krag wil sien wat deur swakheid, mislukkings en teleurstellings werk, laat die hele kerk God se uitdaging aanvaar wat vandag nog staan: ‘Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie’. - James Hudson Taylor

Wanneer God gereed is om vir Sy kinders die voorspoed te gee wat Hy beplan, stort Hy ‘n Gees van gebed uit en dit is ‘n seker teken dat Hy met genade na hulle toe kom. Wanneer julle dan hierdie verwagting sien kom, sal julle My aanroep (**Jer.29:11-12**). Let daarop dat beloftes nie gegee word om gebed te vervang nie, maar om gebed te versterk en aan te moedig en wanneer die antwoord, die oplossing kom, moet ons dit in gebed tegemoetgaan. Toe Daniël gesien het dat die 70 jaar byna verby is, het hy met nog groter erns as voorheen die Here gesoek (**Dan.9:2, 3**). – Matthew Henry

Daar bestaan geen krag soos dié van volgehoue oorwinnende gebed nie, soos Abraham wat vir Sodom pleit, Jakob wat in die stilte van die nag worstel, Moses wat in die bres staan, Hanna dronk van verdriet, Dawid met 'n gebroke hart van berou en smart, Jesus in bloedsweet. Voeg by hierdie lys jou persoonlike waarneming van en ervaring uit die geskiedenis van die kerk. Die prys van passie is bloed. Sulke gebed oorwin. Dit verander gewone mense na manne van krag. Dit bring krag. Dit bring vuur. Dit bring lewe. Dit bring God. – Samuel Chadwick

Alle groot sielewenners was manne van baie gebed en kragtige gebed, en alle groot herlewings is voorafgegaan en gedra deur volhardende, oorwinnende kniewerk in die binnekamer. - Samuel Logan Brengle

As ek myself oorgee aan die inspirasie van die Gees van God wat my die opdrag gee om te bid, sal die besonderhede en die petisies van daardie gebede alles in harmonie wees met die wil van Hom wat wil hê dat ek bid. - E. M. Bounds

Die rede waarom baie mense in die oorlog sneuwel, is omdat hulle wag totdat die oorlog uitbreek. Die rede waarom ander oorwin, is omdat hulle die oorwinning op hulle knieë behaal het lank voordat die geveg begin het. Verwag jou veldslae; veg op jou knieë voordat hulle kom, en jy sal altyd oorwinning hê. - R. A. Torrey
Ek is dikwels op my knieë gedwing deur die oorweldigende oortuiging dat ek absoluut géén ander plek het om te gaan nie. - Abraham Lincoln

Hoe meer gebed, hoe meer van God se Gees is teenwoordig. Hoe meer God se Gees teenwoordig is, hoe meer sal gebed toeneem.

Gebed rus ons nie alleen toe vir die groter werk nie, gebed is die groter werk - Oswald Chambers

Gebed is nie alleen die voorbereiding vir die stryd nie, dit is die stryd! - Leonard Ravenhill

Wat, waar en wanneer

Nasionaal

8-9 September 2010: *Christian Networks* Prayer Summit

Christian Networks Prayer Summit is 'n jaarlikse konferensie vir leiers van die verskeie Christennetwerke om deur gebed die Here se wil vir Suid-Afrika te soek. Kontak Anneke Hanekom by *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* by tel.: 012 365 3213 of e-pos: info@global24-7.org om so gou moontlik te registreer.

27 September – 1 Oktober 2010: 9de *Watchman's School of Prayer*

Hier is jou persoonlike uitnodiging om by ons aan te sluit vir die jaarlikse *Watchman's School of Prayer* in Kaapstad, Suid-Afrika! Die afgelope tien jaar het die 24/7 gebedsbeweging regoor die wêreld 'n besondere groei getoon. Die doel van hierdie skool is om individue op te lei wat graag met 'n 24/7 huis van gebed wil begin of reeds begin het, om kruis-kulturele verhoudings te bou en om vanuit mekaar se ervaringe te leer. Gedurende hierdie skool van vyf dae gaan jy uitgedaag word om dieper met God te wandel. Ons gaan tyd inruim vir aanbidding en om die Here se aangesig te soek terwyl praktiese sessies sal fokus op toerusting met betrekking tot 24/7 gebed. Dit sal onderwerpe insluit soos hoe om met 'n kreatiewe gebedskamer te begin, hoe om mense vir 'n 24/7 gebedswag te mobiliseer, hoe om deur gebed na jou gemeenskap uit te reik en hoe om met voortdurende gebed te volhard. Ons kan 150 mense huisves en registrasie is R980 per persoon (wat al die maaltye en huisvesting vir die hele week insluit). Registreer asseblief deur jou deposito van R500 so gou as moontlik in te betaal om jou plek te verseker. Kontak Lizette van Rooyen by tel.: 021 919 7988 of faks: 021 919 3954, webwerf: www.jwipn.com of e-pos: cape@jwipn.com.

Wat, waar en wanneer

Internasionaal

24-26 September 2010: Hindoe Bediening - Opleiding

Die *Rethinking Forum* hou 'n *Perspectives* opvolgkursus in Pasadena, California, VSA. The *Hindu-Christian Interface* is 'n 15-uurlange kursus met twee hoof komponente: Begrip vir die interaksie tussen Hindoes en Christene en die ontginning van kulturele relevante metodes om Christus aan die hoër kaste Hindoes bekend te stel. Die vyf lesse is: Die diversiteit van Indië en Hindoeïsme, begrip vir Hindoeïsme, die Hindoe Christen Interaksie, kontekstualisering en praktiese antwoorde en reaksies. Webwerf: http://www.rethinkingforum.com/ of om meer te wete te kom kontak info@rethinkingforum.com

Het jy geweet?

Billy Graham se bediening word 60 vanjaar –'n Bybelse man vir vandag

Die moderne wêreld het nooit 'n meer geëerde of invloedryke geestelike leier as Billy Graham geken nie. Hy word die 'Wêreld se Prediker' genoem omdat hy die afgelope 60 jaar die evangelie aan meer mense in byeenkomste verkondig het as enigiemand anders in die geskiedenis, nl. aan meer as 210 miljoen mense in meer as 185 lande en gebiede. Nog honderde miljoene is bereik deur sy televisie-, video- en webbedieninge. Vir die afgelope 40 jaar was hy 'n vertroueling en raadgewer vir elke VSA president sowel as vir konings, eerste ministers en leiers dwarsdeur die wêreld. Sy gesig en bekende stem word oor die hele wêreld herken en hy word gereeld gelys as een van die "Tien mees geëerde mense in die wêreld." Hoewel sy foto op talle tydskrifvoorblaaie oor die wêreld gepryk het, het hy altyd verkies dat die kollig op Jesus Christus val, die Meester wat hy so getrou dien. (Webwerf: http://www.prayerfoundation.org/movies/movie_review_billy_graham_gods_ambassador.htm).

Military BibleSticks 'n treffer in die Weermag!

Faith Comes by Hearing, 'n ouditiewe Bybelbediening het ongeveer 22 000 *Military BibleSticks* ontwerp en beskikbaar gemaak vir kapelane in Irak, Koeweit, Kosowo en Afghanistan en versoeke vir meer stroom in. Die *Military BibleStick* is 'n klein digitale oudiospeler wat voorafgelaai is met die *Audio Drama New Testament*. Hierdie Oudiobybel pas maklik in 'n uniform se sak en is so duursaam dat dit onvoorspelbare weersomstandighede kan trotseer. (Webwerf: http://www.faithcomesbyhearing.com/audio-bibles-designed-and-deployed-us-troops).

Wat is aanlyn?

Webwerf: Inligting oor Moslems en Islam

http://www.answering-islam.org / http://www.morethandreams.tv / http://www.isaalmasih.net / http://www.kalimatullah.com

Webwerf: www.WorldBibles.org

Hierdie webwerf lys 'n uitmuntende 14 000 webwerwe waar Bybels gevind kan word in meer as 4 000 wêreldtale. Baie Bybels kan gratis afgelaai word.

Webwerf: www.pray-ap.info

As jy vir die volkere van die Arabiese Skiereiland wil bid, sal jy die nodige inligting op hierdie webwerf vind.

Webwerf: http://www.resource-international.info

Gratis bronne vir diegene wat onder Moslems werk, kan hier gekry word. Hierdie webwerf is geskep vir buitelandse en nasionale gelowiges wat onder Moslems in die Arabiese wêreld werk en verskaf 'n omvattende aanlyn databasis, insluitend oudio-visuele bronne vir gebruik met kerkplanting.

Webwerf: www.Easybibles.Com
EasyBibles druk en pos gratis evangelieboekies aan die wêreld se armste volkere, veral in Afrika vir praktiese veldtoetse en terugvoer voordat groter hoeveelhede gedruk word vir verspreiding. Hierdie boekies gaan aan die armes teen baie lae pryse verskaf word. Mees onlangse tale sluit in Broa van Kambodja en Kelabit van Borneo, Maleisië.

Webwerf: http://www.go2southasia.org/resource/evangelism/
Gratis aflaaibare Hindoe evangeliehulpbronne is nou beskikbaar in Engels, Bengali, Frans en in die Hindi-tale. Hierdie traktaatjies is ontwerp vir drievoudige gebruik en kan gedruk word op jou kerk- of huisrekenaar. Die traktaatjies maak dit makliker om teenoor Hindoes te getuig. *Vedic Bridge* en *Truth that Triumphs* is kontekstuele evangelietraktaatjies in PDF formaat en gereed om gedruk te word.

Maandelikse gebedsfokusse: Junie – September 2010

Ons wil deur hierdie gebedsfokusse almal wat betrokke is by 24/7 gebedshuise aanmoedig om oor dieselfde tydperk op dieselfde gebedsonderwerpe te fokus. Dit is slegs riglyne en gebedswag-koördineerders kan hulle eie fokusse hierby voeg soos die Heilige Gees hulle lei. Wil jy dit nie oorweeg om hierdie gebedsversoeke op kreatiewe maniere **in jou gebedskamer op te plak** of in jou stiltetyd te gebruik nie? Sê ook vir ander daarvan en moedig hulle aan om oor hierdie sake te bid gedurende elkeen van die maandelikse fokusse. Meer inligting oor hierdie sake is gratis beskikbaar op ons webwerf by: www.jwipn.com. Onthou om ook sommer op ons weeklikse *Prayer Alert* in te skryf wat op aktuele sake fokus deur 'n e-pos te stuur aan cape@jwipn.com

Junie: Jeug en Sokker
Kinders en jongmense verkeer onder geweldige druk om toe te gee aan wêreldse standaarde. Daar is direkte fisiese aanvalle van geweld op hulle lewens en gewetenlose uitbuiting deur volwassenes ter wille van selfverryking. Mensehandel veral vernietig die lewens van kinders. Die seksindustrie vernietig die lewens van miljoene jong meisies voordat hulle twintig jaar oud is. Dwelms, werkloosheid, gesinsgeweld en kinderslawerny is sommige van die geweldige uitdagings waarvoor jongmense te staan kom. Kom ons bid met deernis vir die kinders en jeug van ons land veral met die oog op die naderende *Wêreldbekersokkertoernooi.*

Junie/Julie: *Wêreldbekersokkertoernooi*
As Christene het ons die verantwoordelikheid om die land met gebed te deurdrenk voor, gedurende en na afloop van die *Wêreldbekersokkertoernooi.* Die bose staan gereed om die lewens van mense tydens hierdie gebeure te vernietig, maar dit is ook 'n geleentheid vir die kerk om uit te reik na mense wat ons land besoek en ook na die miljoene ongeredde en "onbereikte" mense ín ons land. Kom ons vra die Here om ons land genadig te wees en ons 'n seën vir die nasies van die wêreld te maak. Daar is baie gebedsinisiatiewe rondom die sokkerbeker. Vra jou eie gebedsgroep en jou plaaslike gemeente om gedurende hierdie tyd deel te wees van 'n intensiewe gebedsaksie. Daar gaan baie uitdagings wees en ons moet die Here vra om ons te help.

Augustus/September: Ramadaan
Ramadaan is die maand van vas vir Moslems oor die hele wêreld. Honderde miljoene Moslems gaan weer die hele maand van Ramadaan deur die dag vas en gedurende die nag eet om so aan een van die vyf pilare van Islam te voldoen. Oor die afgelope 18 jaar het miljoene Christene verenig in 'n spesiale gebedspoging om te bid dat Moslems die liefde van God sal ervaar soos wat Hy dit in Jesus Christus openbaar het. Gedurende die afgelope 20 jaar het 'n oorweldigende aantal Moslems Christene geword en Jesus Christus as Here en Verlosser aangeneem. Daar is 'n besliste toename in die aantal Moslems wat na Christus toe kom. Ons hoor baie

bemoedigende verhale van dit wat die Here besig is om o.a. in Algerië, Indonesië, Egipte en die Arabiese Skiereiland te doen. Kom ons vat hande en bid vir die Moslems.

Dinsdag 1 Junie 2010

Gebedsfokus op veiligheid van kinders

407 937 Wees- en kwesbare kinders en 53 607 huishoudings met 'n kind aan die hoof is in Suid-Afrika geïdentifiseer. Die staat probeer help deur middel van die *Home Community-based Care programme*. (Eighty20 Fact-a-Day. Webwerf: www.eighty20.co.za of e-pos: fact.a.day@eighty.co.za). Bid vandag dat die kinders wat hulle in hierdie haglike omstandighede bevind, God se teenwoordigheid in hulle lewens sal ervaar, dat hulle tot Hom sal roep en Hom sal leer ken en begin beleef dat Hy hulle gebede op werklik praktiese maniere verhoor. Dank die Here vir die kinders wat deur middel van hierdie program versorg word.

Gebedsfokus op Swaziland: Om met TB en MIV/VIGS saam te leef

Volgens die internasionale mediese hulp-organisasie, *Dokters Sonder Grense (DSG)* het 80% van die TB-pasiënte in Swaziland ook MIV/VIGS. Hierdie dubbele epidemie van MIV en TB het tot gevolg dat die lewensverwagting in Swaziland tot onder 32 jaar gedaal het. Aangesien 80% van Swaziland se bevolking in die arm, landelike gebiede woon, is dit uiters moeilik om gesondheidsdienste aan gesinne te lewer. (Webwerf: http://health.iafrica.com/features/2020822.htm). Bid dat die Here binnekort arbeiders in hierdie oes sal instuur om in die praktiese en geestelike behoeftes te voorsien. Bid dat die mense van Swaziland tot die Here sal roep en dat hulle God se hand op hulle nasie sal sien.

Woensdag 2 Junie 2010

Gebedsfokus op Christelike radio-uitsendings: *Transwêreldradio SA*

Transwêreldradio (TWR) vervaardig 'n opwindende drama- en besprekingsprogram getitel *Choose Life,* wat gerig is op die behoeftes van vroue tussen 18 en 25 jaar oud, veral dié wat aan universiteite en kolleges in Suid-Afrika studeer. Die program is die eerste keer in Februarie vanjaar uitgesaai. Bid asseblief dat hierdie program baie studente na Christus sal bring en hulle sal help om op hierdie belangrike en kwesbare stadium van hulle lewens die regte keuses uit te oefen. (*Transwêreldradio SA.* Tel.: 011 974 2886 of faks: 011 974 9960 of sel: 083 387 3037. Luister na *TWR* op DStv radiokanaal 155. Webwerf: www.twr.org.za of e-pos: ddupreez@twr.org.za).

Gebedsfokus op redding: *OM Tanganyika*

OM Tanganyika plant kerke in onbereikte nedersettings rondom die meer. Hierdie mense se begrip van die huwelik en gesinstrukture is beperk en poligamie, prostitusie en immoraliteit is deel van hulle kultuur. Die huwelik is 'n speletjie, en om te trou en te skei is 'n gevestigde roetine. Mans is nie begaan oor 'n gesinslewe nie; party het meer as tien kinders by verskillende vroue. Bid vir die redding van hierdie mense en dat hulle die ware doel van die huwelik sal verstaan. (*OM Tanganyika, Good News II Ministry*. Tel.: +26 0977 199 322. Webwerf: www.ltprayer.org of e-pos: gnews2@gmail.com).

Donderdag 3 Junie 2010

Gebedsfokus op werkloosheid in SA: R17 miljard se inkomste verlore

In die derde kwartaal van 2009 het die werkloosheidskoers gestyg tot 24,5% van die arbeidsmag teenoor 23,6% van die tweede kwartaal. Uitgebreide werkloosheid (wat diegene insluit wat reeds opgehou het om werk te soek), het in dieselfde tydperk van 32,5% tot 34,4% toegeneem. Dit beteken dat 4 702 miljoen Suid-Afrikaners nou werkloos is, wat persentasiegewys baie meer is as in enige ander land. (Webwerf: http://business.iafrica.com/footer/2184820.htm). Bid asseblief vir almal wat moed opgegee het met werk soek. Bid

dat hulle opnuut of vir die eerste maal 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus sal hê, dat hulle weer aan die hoop van hulle roeping sal dink en sal beleef hoedat die Here 'n belangrike deurbraak vir hulle bewerkstellig.

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi*: Redding
Bid spesiaal vir deurbrake in die redding van persone wat uit geslote lande hierheen gekom het en wat dalk nie baie geleenthede kry om die evangelie te hoor nie. Bid dat God se Gees van Wysheid en Openbaring die boodskap van Jesus Christus op 'n kragdadige manier aan hulle bekend sal maak en daartoe sal lei dat hulle hulle lewens aan Hom sal oorgee.

Vrydag 4 Junie 2010
Gebedsfokus op werkloosheid: Verlies van meer as 700 000 poste
Gedurende die eerste drie kwartale van 2009 het 716 000 werkers hulle werk verloor en is minstens R17 miljard se jaarlikse inkomste verloor. (Webwerf: http://business.iafrica.com/footer/2184820.htm). Bid dat al hierdie werkers na God sal roep en Sy nabyheid op 'n persoonlike vlak sal beleef. Vra dat baie sal kan getuig van die Here se bonatuurlike sorg vir hulle in hulle omstandighede. Daar is baie redes waarom mense hul werk verloor, en elkeen wat sy/haar werk verloor het, moet sekermaak dat hy/sy deel met bitterheid, griewe of enige ander sondige reaksie.

Gebedsfokus op kinders: *Wêreld Naweek van Gebed vir Kinders in Nood*
Miljoene kinders leef elke dag te midde van armoede en ontbering. *Viva* fasiliteer reeds sedert 1995 die *Wêreld Naweek van Gebed vir Kinders in Nood*. Hulle werk saam met baie ander gebedsbedienings en netwerke, en letterlik miljoene mense bid elke jaar saam vir kwesbare kinders. Vra vir die Here hoe jou gemeente hierdie naweek en Sondagmôre aan die naweek van gebed vir hierdie kinders kan deelneem. Vra ook of daar iets is wat julle prakties vir kinders in nood in julle omgewing kan doen. (Webwerf: www.viva.org/pray.aspx of e-pos: pray@viva.org).

HET JY GEWEET?

In 2009 het ongeveer 224 kinders in Kisumu, Kenia, bymekaargekom om vir ander kinders in nood te bid. Vir die meeste van hulle was dit die eerste keer dat hulle gebid het en baie het begin huil. In El Salvador het 'n seun met 'n gehoorgestremdheid voorgegaan met gebed, en terwyl die tolk sy gebed getolk het, het 69 kinders hulle lewens aan Christus gegee.

Saterdag 5 Junie 2010
Gebedsfokus op werkloosheid
Die regering sukkel om sy belofte om 500 000 werksgeleenthede te skep, na te kom. Ongeveer 73% van persone wat tans werkloos is, is onder die ouderdom van 35, en die onlangse toetrede van meer as 'n miljoen skoolverlaters sonder 'n Graad 12- of ander kwalifikasie en met feitlik geen vooruitsig om in diens geneem te word nie, vererger die probleem. (Webwerf: http://business.iafrica.com/footer/2184820.htm). Laat ons voortdurend oor hierdie situasie bid en vra dat baie nuwe besighede op die been gebring sal word, dat entrepreneurs noukeurig sal beplan en teen 'n bestendige pas mense in diens sal neem namate hulle ondernemings groei en buitelandse investering toeneem. Bid dat werkgewers en entrepreneurs nie gierig word en ten koste van werkers, hulleself sal verryk nie.

Gebedsfokus op kinders: *Wêreld Naweek van Gebed vir Kinders in Nood*
Enkele oogmerke van die *Viva gebedsnetwerk* is om uiterste armoede en honger te bekamp, om die sterftesyfer onder kinders te verlaag en die gesondheid van verwagtende moeders te verbeter. Bid asseblief vir hierdie projekte en dat baie mense daarby betrokke sal raak. Dink daaraan om die leiers van jou gemeente te vra om

môre tydens die erediens 'n paar minute af te staan vir gebed vir kinders in nood. (Webwerf: http://www.viva.org of e-pos: pray@viva.org).

HET JY GEWEET?

'n Vrou het haar ernstig siek seun na die plek in die staat Akwa Ibom in Nigerië gebring waar Christene besig was om te bid en gevra dat hulle vir hom moet bid. Terwyl hulle vir die seun gebid het, is hy volkome genees. Die nuus het vinnig versprei aangesien die seun as 'n "hopelose geval" beskou is!

Sondag 6 Junie 2010

Wat is die vrees van die Here?

Vir baie Christene dui die "vrees van die Here" op 'n gevaarlike, wettiese, 'kwaai' God wat van ons verwag om te doen wat Hy sê of ons sal die gevolge moet dra. Die vrees van die Here word dikwels geïnterpreteer as "slaafse vrees" (die vrees om in die moeilikheid te beland) wanneer dit eerder as eerbied/respek (die vrees om iemand vir wie ons lief is, teleur te stel en hartseer te maak wanneer ons oortree) verstaan moet word. Die "vrees van die Here" is een van die 'sewe geeste' van die Heilige Gees (**Jes.11:2-3**), ook bekend as eerbied en verwondering. Spreuke beskryf die vrees van die Here as die begin of grondslag van wysheid en kennis, en ook as die "dissipline" of "insig" van wysheid (**Spr.1:7, 9:10, 15:33**). Om God te vrees is meer om soos Hy te wil wees, om versigtig te wees om nie die posisie wat jy voor Hom het en wat jou soos 'n kombers bedek, in gevaar te stel nie. Een ensiklopedie verduidelik dat hierdie gawe "ons met respek vir 'n soewereine God vul, en maak dat ons bo alles versigtig is (vrees) om teen Hom te oortree".

Om oor na te dink: Hoe sien jy die vrees van die Here, en veral, hoe beleef jy dit op emosionele vlak? Voel dit vir jou of Sy liefde jou soos 'n kombers bedek? Vra vir Hom om Homself aan jou te openbaar as die Een wat jou persoonlik liefhet. Wag in Sy teenwoordigheid en moenie ongemaklik voel as daar oomblikke van stilte is wanneer jy bid nie. (Onthou altyd: God weet wat Sy plan vir jou is, en dit is voorspoed en nie teëspoed nie.)

Gebed: Vader van ons Here Jesus Christus, leer ons die vrees van die Here deur die Heilige Gees.

Gebedsfokus op kinders: *Wêreld Naweek van Gebed vir Kinders in Nood*

Bid dat kerke en gemeentes vandag saam sal bid vir *Kinders in Nood* en veral dat die kinders wat vandag gebore word, onder gesonde omstandighede sal grootword en behoorlike sorg sal ontvang. Vra dat nog duisende meer Christen egpare dit sal oorweeg om in die toekoms minstens een kind aan te neem. (Webwerf: http://www.viva.org of e-pos: pray@viva.org).

HET JY GEWEET?

'n Geestelike deurbraak in Christene se gebedstyd het in Junie 2009 gekom toe 'n klein aangenome seuntjie uit Haïti vorentoe gekom het om te bid. Hy is doof en loop met stutte aan albei beentjies. Sy ma het sy gebed vir hulle getolk en almal in die vertrek is daardeur aangeraak. *Min het hulle geweet wat net ses maande later in Haïti sou gebeur. Laat ons nie ophou roep tot die almagtige God nie!*

Maandag 7 Junie 2010

Gebedsfokus op redding: Sekuriteitswagte

Sekuriteitswagte verkeer dikwels in gevaar weens die aard van hulle werk. Bid dat hulle te midde van die uitdagings in hulle lewens en werk Christus sal kan vind. Vra veral dat hulle geestelik sal groei deur God se Woord te lees wanneer hulle tyd beskikbaar het. Bid dat hulle nie self aan misdaad sal deelneem nie, maar eerlik en betroubaar sal wees.

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Vervoer
Dra alle vorme van vervoer in ons land gedurende die toernooi in gebed aan die Here op. Bid dat mense bewaar sal word van ongelukke, misdaad, kaping en aanvalle op straat. Vra dat daar nie stakings sal wees wat openbare vervoer in enige opsig in gevaar sal stel nie.

Dinsdag 8 Junie 2010
Gebedsfokus op Haïti: Herstel en her-opbou
Laat ons aanhou bid vir die mense van Haïti in die tyd na die verwoestende aardbewing op 12 Januarie wat die land net 17 kilometer van die hoofstad, Port-au-Prince, getref het. Die geraamde dodetal is ongeveer 230 000, maar dit is onmoontlik om die presiese syfer te bepaal. Bid dat gefokusde her-opbou- en rehabilitasieprojekte in hierdie armste land in die Westelike Halfrond suksesvol sal wees. Bid ook vir die talle weeskinders wat deur die aardbewing geraak is en vir die kinders wat nou wees is as gevolg daarvan. Vra dat baie van hulle aangeneem sal word deur gesinne wat vir hulle sal kan sorg.

Gebedsfokus op sending: *OM Ships International*
Bid asseblief vir vyf sleutelaspekte van *OM Ships International* se bediening: vir voldoende bemanningslede om op die skip (Logos Hope) te dien en genoeg gekwalifiseerde dek- en ingenieursoffisiere om die skip van die een hawe na die ander te neem. Bid ook dat persone wat die skip besoek, die Here se liefde sal ervaar wanneer hulle aan boord gaan. Vra dat deure sal oopgaan vir die bemanning wat hulle vooruitgaan om voorbereidings vir die aankoms van die skip te tref. (*OM Ships International*. Webwerf: http://www.omships.org/ of e-pos: info@omships.org).

Act-Up Gebedsnetwerk vir diegene wat in dwelms en die okkulte vasgevang is

Leah se verhaal begin toe haar jongste seun aan heroïene verslaaf geraak het en by Satanisme betrokke geraak het. “Die realiteit van my geloof, of ek werklik geglo het as ek gebid het, is skielik uitgedaag. In Julie 2000 het ek tot die seker wete gekom dat God die gevangenes van dwelms en Satanisme sal vrymaak. In September daardie jaar het vyf gesinne oor naweke vir mekaar se kinders begin bid. Ouers het ons begin kontak en gevra of hulle ook deel van hierdie gebedsketting kon word. Binne ‘n maand het meer as 200 mense aangesluit. Alles was so nuut vir my en ek het vir Bennie Mostert gaan raad en wysheid vra oor wat my te doen staan. Die Here het regtig my geloof versterk en het vir ons meer duidelikheid gegee oor hoe om voort te gaan en hoe om mense uit te nooi om te bid. Ek was so bekommerd oor my seun. Het hy die onvergeeflike sonde gedoen? God het my geantwoord deur ‘n visioen waar ek my seun op sy knieë gesien staan het in ‘n omgeploegde land terwyl ‘n helder lig op hom skyn. Ek het toe geweet dat God se guns op hom was en dat hy gered sou word.

In Junie 2003 het my seun se meisie, met wie hy toe saamgebly het, gebel om te sê dat hulle hom nie kon wakker kry nie. Hulle het alles probeer om hom by te bring en die dokter wou hom dood verklaar. Ek het geweet dat hy nog in Satanisme was en beslis nie gered nie. Dit was nie die beloftes wat ek van God gehad het nie. Ek het by sy bed gaan sit en gebid en God herinner aan Sy beloftes aan my. Toetse het gewys dat hy reeds 8 ure voordat hulle hom gekry het, ‘n hartaanval gehad het. My God het my seun uit die dode opgewek. Tydens die daaropvolgende week in die hospitaal het al sy organe 100% herstel en vandag is daar niks met hom verkeerd nie. Hy het sy lewe geheel en al aan Christus oorgegee en dien Hom vandag.”

Wat is *Act-Up*?
Act-Up bestaan uit gesinne wat probleme het met substansie-afhanklikheid, verslawing van enige aard, probleme met gender-identiteit of enigiets wat hulle in hulle verhouding met die Here kan hinder. Die doel van *Act-Up* is om familielede en vriende wat bid vir diegene met probleme, te ondersteun.

Hoe kan jy betrokke raak by *Act-Up*?
Die hooffokus is gebed. Ondersteuners van hierdie inisiatief moet onderneem om minstens een uur per week te bid volgens ons gebedslys. Daar is ook 'n kursus beskikbaar bestaande uit 10 modules vir ondersteuners van verslaafdes, wat 'n grondslag lê vir innerlike genesing en gebedsondersteuning. Een keer per jaar kom ons bymekaar om getuienisse te deel en programme wat deur die jaar gevolg is, te bespreek. Ons help ook ouers in krisissituasies soos wanneer kinders aggressief en buite beheer raak of as vermis aangemeld word.

Daar is op die oomblik meer as 20 000 mense wat op 'n daaglikse of gereelde basis vir die slagoffers van substansie-verslawing bid. Jy kan betrokke raak deur jou besonderhede aan ons te stuur en te onderneem om in 'n gebedsgleuf van een uur per dag of minstens twee keer per week vir een uur lank te bid. Wees verseker dat baie ander gedurende daardie uur saam met jou sal bid. Kontak Leah Grobler by Posbus 73664, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 082 718 1176 of faks: 086 688 1404. Besoek die webwerf: www.actup.co.za of e-pos: editor@actup.co.za

---

Woensdag 9 Junie 2010
Gebedsfokus op kerkplanting: *Church Planting Alliance*
Die *Church Planting Alliance* se doel is om leiers te netwerk, op te lei en te mobiliseer om dissipelmakende kerke binne bereik van alle mense te plant. Bid asseblief vir die kwartaallikse werkswinkels wat beplan word vir Gauteng, Limpopo, Mpumalanga, KwaZulu-Natal, Noordwes en die Wes-Kaap om kerkplanters effektief toe te rus om gesonde kerke in hierdie en ander provinsies te laat vermeerder. (*Church Planting Alliance*, Eerw. Karl R. Teichert. Tel.: 011 794 8004 (werk), 011 678 3711 (huis), faks: 011 794 800, sel: 072 477 2950. Webwerf: www.cpa-sa.org of www.ocafricasa.net of e-pos: teichert@attglobal.net of skype: kteichert).

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi*: Stadions en gasheerstede
Daar sal gratis primêre gesondheidsorgdienste by die amptelike stadions en gasheerstede wees, sowel as 24 uur nood-mediese dienste. Internasionale en plaaslike maatreëls sal in plek wees om teen die uitbreek van siektes te waak. Bid vir die tien stadions en nege gasheerstede gedurende die toernooi. Vra dat gelowiges in elke stad hulle verantwoordelikheid sal aanvaar en sal volhard met vas en gebed voor, tydens en na die toernooi; vir beskerming teen enige verwagte of onverwagte invloei van boosheid en siektes uit ander lande. Bid dat God, wat in die harte en lewens van gelowiges heers, hierdie aanval sal afweer.

Donderdag 10 Junie 2010
Gebedsfokus op kinders: VIGS-wesies
Die aantal Suid-Afrikaanse kinders onder die ouderdom van 17 jaar, wat wees is as gevolg van VIGS is 'n geraamde 1,4 miljoen. (Eighty20 Fact-a-Day. Webwerf: http://www.eighty20.co.za/databases/index.cgi of e-pos: mailto:fact.a.day@eighty20.co.za). Die aantal egpare wat weeskinders oor kultuurgrense aanneem, styg steeds. Bid asseblief dat daar nog baie meer sal wees wat hierdie onbaatsugtige liefdesdaad sal doen en dat die kinders wat aangeneem word, die geleentheid sal kry om die Here Jesus Christus te ontmoet.

Gebedsfokus op die nasies: *Die Masedonië-projek*
Elke jaar gedurende Augustus-September besoek talle gebedspanne verskillende stede in Europa sowel as 'n antieke Bybelse stad om te bid dat die nasies wat daar woon, gered sal word. Bid asseblief vir die veiligheid van hierdie spanne, vir fisiese krag en energie, en dat hulle die stem van die Here duidelik sal hoor wanneer hulle op verskillende plekke bid. Vra dat die Here baie werkers in die oes sal stuur in antwoord op hulle gebede. (*Die Masedonië-projek*. Tel.: 012 997 3195 of faks: 086 630 3193. Privaatsak X07, Lynnwoodrif, 0040. Webwerf: http://www.macedonian.org.za of e-pos: info@macsa.co.za).

Vrydag 11 Junie 2010

Gebedsfokus op werkloosheid

Afgesien van die wêreldwye ekonomiese krisis, word ras, geslag, ouderdom, woonplek en skoolopleiding as sleutelfaktore beskou om die werkloosheidskoers in Suid-Afrika te bepaal en te verklaar. (Webwerf: http://siteresources.worldbank.org/INTEMPSHAGRO/Resources/Bhorat_Unemployment_SouthAfrica.pdf).
Volhard met gebed oor elkeen van hierdie faktore soos die Heilige Gees jou lei. Vra vir die Here dat nuwe besighede gestig sal word en bestendig sal groei om werksgeleenthede te verskaf veral vir mense wat die afgelope twee jaar hulle werk verloor het.

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Wedstryde begin vandag

Dra die opening en eerste wedstryd van die *FIFA Wêreldbekersokkertoernooi* in Suid-Afrika vandag aan die Here op. Bid dat Christene hulle gebedsverantwoordelikheid sal opneem en tot God sal roep dat Sy koninkryk ook tydens die toernooi op aarde sal kom soos dit in die hemel is. Vra ook dat duisende hulle tot die Here Jesus sal bekeer. (Webwerf: http://www.fifa.com).

Saterdag 12 Junie 2010

Gebedsfokus op kinders: *Wêrelddag teen kinderarbeid 2010*

Bid vandag vir miljoene kinders wêreldwyd wat by kinderarbeid betrokke is en wat so dikwels die geleentheid ontneem word vir voldoende skoolopleiding, gesondheid en ontspanning. Meer as die helfte van hierdie kinders moet die ergste vorm van kinderarbeid verrig, soos bv. werk onder gevaarlike omstandighede, slawerny of ander vorme van dwangarbeid, onwettige bedrywighede soos dwelmhandel en prostitusie, sowel as betrokkenheid by gewapende konflik. Spandeer tyd in gebed en laat die Heilige Gees jou lei soos wat jy oor elk van hierdie kwessies bid. (*World Day against Child Labour*. Webwerf: http://www.ilo.org of e-pos ipec@ilo.org)

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Lughawens, grense

Ongeveer R1,5 miljard is bestee aan die verbetering van toegangspunte tot die land. Voorbereidings vir die *FIFA* 2010 *Wêreldbekersokkertoernooi* verbeter ook die immigrasieprosedures met die oog op die gladde verloop van die binnekoms en vertrek van reisigers na en uit die land. Bid dat niemand wat in die besit van dwelms, pornografie en ander onwettige items is, die land sal kan binnekom nie. Bid veral vir sekuriteitspersoneel, dat hulle God se stem sal hoor en suksesvol sal wees in die oopvlek en vernietiging van dwelm- en pornografienetwerke wêreldwyd. Vra ook vir veilige vervoer na en van lughawens, dat alle vlugte betyds sal wees en sonder voorvalle sal verloop.

Sondag 13 Junie 2010

Wat is die vrees van die Here?

Die Here het jou innig lief, en wil alles wegneem wat skeiding kan bring tussen jou en Hom! As ons iets doen wat in stryd is met Sy karakter of wie Hy is, beskadig dit ons verhouding met Hom. Dit is skrikwekkend, want dit blokkeer kommunikasie tussen my en God. Dit word sonde genoem. Die enigste manier om terug te kom na God is om daardie sonde te erken en om opreg vir Hom te sê dat ons jammer is en so ons liefde vir Hom opnuut bevestig. Hoe heerlik is dit nie wanneer die Heilige Gees ons deur die bloed van Jesus reinig sodat ons weer in die regte verhouding met ons hemelse Vader kan wees nie.

Om oor na te dink: Voel dit soms vir jou of jy afgesny is van God? Vra Hom om vir jou te wys of daar 'n spesifieke rede is daarvoor. As die Heilige Gees jou dan op iets wys, bring dit voor Hom. Vra Hom om enige hindernisse tussen jou en Hom uit die weg te ruim. Onthou 'n 'vae' skuldgevoel is nie van Hom nie.

Gebed: Vader in die hemel, vergewe my asseblief dat ek U liefde weerstaan wanneer ek dinge doen wat nie in lyn met U karakter is nie. Leer my die vrees van die Here.

Maandag 14 Junie 2010

Gebedsfokus op redding: Hoofseuns en hoofmeisies

Dra die hoofseuns en hoofmeisies van al die skole in die land in gebed aan die Here op. Bid vir hulle redding en dat hulle nie die goedkeuring van hulle onderwysers en maats sal najaag nie, maar bo alles sal soek na Jesus Christus as Here en Meester van hulle lewens. Bid dat hulle getuienis ook ander in God se Koninkryk sal inbring.

Gebedsfokus op gesondheid: Deurbraak met borskanker

Wetenskaplikes het 'n belangrike deurbraak in die stryd teen kanker bekendgemaak nadat 'n defekte geen ontdek is by die helfte van alle borskanker gevalle. Die geen – bekend as NRG1 – word ook geïmpliseer in die helfte van alle ingewands- en prostaatkankers en 'n kwart van eierstok- en blaaskankergevalle. Dit verskaf belangrike inligting oor hoe sommige kankers versprei.
(Webwerf: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=125&art_id=iol1254813758908C526). Dank die Here vir hierdie ontdekking. Bid dat wetenskaplikes hierdie siektes steeds beter sal verstaan en sal weet hoe om dit te behandel. Onthou om ook vir kankerpasiënte te bid en dat hulle geleentheid sal kry om Christus as hulle Redder aan te neem. Bid vir wonderbaarlike genesings. Bid dat God genadig sal wees en die vloedgolf van kanker sal stuit. Bid dat hierdie genesings 'n getuienis sal word van God se almag en Sy vermoë om die onmoontlike te doen.

Mans wat bid: As ek en my vrou mekaar verkeerd verstaan!

Dit is seker van die mees sensitiewe onderwerpe waaraan mens kan dink om aan te raak! Maar dit is so 'n wesenlike realiteit in baie huwelike. Soms draai twee mense so vas dat hulle nie verder met mekaar wil praat nie en dikwels nog minder saam wil bid en ook nie meer weet wát om te bid nie! Hoe bid ek as ek en my vrou by hierdie plek is? Die volgende riglyne mag jou dalk help om jou los te woel uit hierdie benoude plek.

1. **Moenie verdedig nie!** Een ding wat nooit werk nie, is om argumente, 'bewyse' en 'logiese redenasies' rond te slinger. Bly stil en wag, maar onthou, daar is 'n groot verskil tussen stil-stuipe en om stil te bly en te wag. Die moeilikste van alles is waarskynlik – om nie jouself te verdedig en jou maat die heeltyd op haar foute te wys nie. Argumente werk nie, dit herhaal net ou patrone waarmee jul albei ook reeds oorbekend is. Bid en vra die Here om jou te help om stil te bly – lank genoeg vir jou om jou vrou se hart en emosies tussen alles te kan hoor en nie net die woorde wat uit haar mond kom nie. Net die Heilige Gees kan dit vir jou wys. Moenie self besluit wat in haar hart is en wat sy emosioneel behoort te beleef nie. Laat haar toe om self uitdrukking daaraan te gee en vra die Heilige Gees om jou te help om te verstaan.

2. **Leer om gouer jammer te sê!** Een van mans se grootste uitdagings is om te sê ons is jammer. Ons dink normaalweg dat wanneer ons dit doen, ons vrouens oor ons gaan begin heers. Maar juis die teenoorgestelde gebeur wanneer ons dit op die regte manier doen. Onthou: Wanneer jou vrou jou optrede teenoor haar op 'n bepaalde manier beleef, is jou bedoeling onbelangrik. Dit is haar **belewenis** van jou optrede waarop jy moet fokus as jy reg wil optree, en dit is hier waar jy duidelik vir haar moet sê dat jy jammer is dat sy dit so beleef het. Vra die Heilige Gees om vir jou te wys watter spesifieke ding in jou optrede veroorsaak dat sy jou bedoeling verkeerd verstaan het.

3. **Laat haar toe om op jou te leun.** Moenie jou vrou probeer verander na soos jý haar wil hê nie. God het haar uniek gemaak. Gun haar om haar eie mens te wees. Vra die Here om vir jou te wys hoe om haar te ondersteun. Ondersteun haar in dit waaroor sy droom en raak prakties betrokke om dit wat vir haar belangrik is, te kan bereik. Vra die Here om vir jou te wys aan watter dinge jy aandag moet gee en wat die dinge is wat vir haar belangrik is.

4. **Bid dat jou eie-ek sal sterf.** Een van die grootste struikelblokke in die huwelik is ons sogenaamde 'regte'. Mans argumenteer graag dat ons ook die reg het om dit of dat te doen – om golf, rugby, nuus te kyk en

ander dinge te doen wat vir ons lekker is. Dikwels is dit egter ten koste van ons vrouens en die res van die gesin. Vra die Heilige Gees om vir jou dié dinge in jou lewe uit te wys wat vir jou so belangrik is dat jy dit as 'n "reg" sien en voet by stuk hou ongeag die gevolge daarvan op verhoudings in jou gesin. As jý nie eerste aan jouself kan sterf nie, hoe kan jy van jou vrou verwag om dit te doen?

5. **Seën haar.** Wanneer daar konflik tussen julle is, moenie na God gaan om Hom te vra om jou vrou te wys wat sy alles verkeerd doen nie. Begin doodgewoon om jou vrou te seën. Begin dan bid en sê: Here ek seën my vrou. En hou daarmee vol al klink dit na 'n onbegonne taak wat nie eintlik iets verander nie. Gaan bid dit waar jy alleen is. Bid totdat jy dit met jou hele hart kan bid. Laat die Heilige Gees toe om te werk.

6. **Moet haar nie verkla by God nie.** Wanneer ons vrouens se sondes duidelik sigbaar is, kan ons geneig wees om ons vrouens by God 'aan te kla'. Ons vertel Hom alles wat hulle verkeerd doen, of minstens wat óns dink hulle alles verkeerd doen. As priesters is ons taak nie om ons vrouens aan te kla nie, maar om by God vir hulle vir genade en barmhartigheid te smeek. As ons dit uitsluitlik doen sodat die lewe vir óns makliker kan wees, is ons motief verkeerd. Bid vir jou vrou ter wille van jou vrou.

7. **Vee eers voor jou eie deur.** Wanneer daar konflik is, is dit die beste om heel eerste vir God te vra om deur Sy Heilige Gees vir jou enige sonde en enige onbedagte optrede van jou kant te wys. Jy sal (bykans) sonder uitsondering vind dat daar wel 'n aantal dinge in jou eie hart is wat jy moet regmaak.

8. **Vra vir God se liefde vir jou vir jou vrou!** Vra die Heilige Gees om die liefde van God in jou hart uit te stort sodat jy jou vrou met God se liefde kan liefhê. God se liefde is liefde wat liefhet ten spyte van wat die ander een gedoen het, liefde ten koste van jouself, liefde ter wille van en tot voordeel van die ander persoon.

9. **Laat staan jou oordeel.** Moenie jouself as regter aanstel nie. God is die regter. Moenie oordeel nie. Die oordeel behoort aan God. Jou taak as man is eerstens om onvoorwaardelik lief te hê, om as priester by God vir jou vrou te pleit, om haar te seën, om die Naam van die Here oor haar uit te roep (**Num.6:24-27**).

10. **Geduld!** Lees **1 Pet.3:7**: wees geduldig met jou vrou. Baie geduldig!

Eers wanneer ons al hierdie dinge met God deurgebid het, is ons gereed om 'n sinvolle gesprek met ons vrou te voer.

Dinsdag 15 Junie 2010

Gebedsfokus op kinders: Tieners reik uit om weeskinders te help

'n Jeugbediening in Colorado het meer as $200,000 ingesamel om sewe kinderhuise in Uganda en Kenia te bou. Die tieners het dit vermag deur los werkies of 'n tweede werk te doen en so geld vir die projek ingesamel. (Webwerf: http://charismamag.com/index.php/news/23391-teens-help-build-homes-for-african-orphans). Prys die Here vir jong mense wat uitreik om kinders te help. Vra dat baie ander tieners by hulle sal aansluit in hierdie projek en vir die res van hulle lewens by hulpverlening aan kinders betrokke sal wees. Bid dat kinders die geleenthede sal kry om Jesus as hulle Vriend en Verlosser aan te neem.

Gebedsfokus op die ongeletterdes: Die Banjara van Indië

Ongeveer 70% van die bevolking van Indië is ongeletterd. Slegs 12% van Banjara-mans en 4% van Banjara-vroue kan lees. *Faith Comes by Hearing* fokus daarop om die wêreld se arm en ongeletterde mense te bereik met God se Woord in klank en dit in hulle hartstaal! Die 6 miljoen Banjara word as een van die mins-bereikte mensegroepe in die wêreld beskou. Hulle woon regoor Indië en slegs 1% is gelowiges. Die oorgrote meerderheid woon in uiterste armoede in landelike dorpies of krotbuurte in die stede. (*ASSIST News Service (ANS)*. P.O. Box 609,

Lake Forest, CA 92609-0609 USA. Webwerf: www.assistnews.net of e-pos: assistnews@aol.com). Roep tot die Here vir werkers in hierdie oes, vir ontvanklike harte en dat die Heilige Gees op bonatuurlike wyse in hierdie haglike omstandighede sal ingryp.

Woensdag 16 Junie 2010

Gebedsfokus op die jeug: Jeugdag

Duisende jong mense sal vandag byeenkomste bywoon om Jeugdag te vier. Kom ons bid vir hulle veiligheid. Bid spesifiek dat ouers hulle kinders sal grootmaak met die wete dat hulle 'n Godgegewe missie in die lewe het; en dat hulle hulle kinders sal help om vas te stel watter gawes en vermoëns die Here vir hulle gegee het. Bid dat ouers sal ophou om te skei en so hulleself en hulle kinders geweld aandoen.

Gebedsfokus op vervolging: Gedwonge 'bekerings' in Saoedi-Arabië

"Ek het gesien hoe etlike Katolieke en Christene uit die Filippyne Islam onder dwang aanneem," het 'n Filippynse Katolieke verpleegster wat by die hospitaal in Riaad werk, gesê. As gevolg van die groot werkloosheid in die Filippyne het meer as tien miljoen Filippyne die land verlaat om in die buiteland te gaan werk soek. Ongeveer 3 000 inwoners verlaat die land per dag. Die afgelope tyd het die meeste na Arabiese lande toe gegaan. "Na 'n paar maande stel die werkgewers jou voor 'n ultimatum, en sê jy moet 'n Moslem word om jou werk te kan behou," het sy gesê. "Dit is vir ons moeilik om so 'n keuse te maak, maar as ons dit nie doen nie, word ons die slagoffers van misbruik en mishandeling." (Intercessors Network, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se). Bid asseblief vir hierdie situasie en vra dat die Here 'n uitweg vir Christengelowiges sal voorsien.

Donderdag 17 Junie 2010

Gebedsfokus op kinders: Longontsteking

Daar word beraam dat die lewens van meer as vyf miljoen kinders ouer as ses jaar gered kan word as 'n omvattende plan om longontsteking te bestry, wêreldwyd aanvaar word. Longontsteking eis die lewens van meer as 4 000 kinders per dag, wat dit die hoofoorsaak van sterftes by kinders jonger as vyf jaar maak. Sterftes aan longontsteking by kinders hou veral verband met wanvoeding, armoede en onvoldoende toegang tot gesondheidsorg, wat beteken dat kinders wat alreeds aan hierdie faktore blootgestel is, besonder vatbaar vir longontsteking is. Bid vir die *Verenigde Nasies se Kinderfonds (UNICEF)* en die *Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO)* met hulle pogings om hierdie plan van stapel te stuur en te implementeer. Bid dat die regeringsleiers van die teikenlande die plan sal verwelkom om die lewens van soveel kinders as moontlik te red. (*Children at Risk Prayer News*. Webwerf: http://www.viva.org/ of e-pos: pray@viva.org).

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Tegnologie

Bid vir die satelliet- en telekommunikasie-infrastruktuur vir die toernooi wat 'n transmissiekapasiteit van 40 gigagrepe per sekonde sal dra en na die toernooi gebruik sal word om breëbanddienste te verskaf. Vra dat dié nuwe toerusting te alle tye in werkende toestand sal wees sodat kontrakte met ander televisiestasies nagekom kan word. Bid ook dat dit ná die toernooi met integriteit en tot die verheerliking van God gebruik sal word.

Vrydag 18 Junie 2010

Gebedsfokus op werkloosheid: Mikro-finansiering

Mikro-finansiering (d.w.s. ontwikkelingsfinansiering, nie verbruikerslenings nie) verskaf opleiding, praktiese kennis, opvolgwerk en finansies sodat arm mense hulle eie ondernemings op die been kan bring, in stand kan hou en kan uitbrei. Duisende arm mense is die afgelope 20 jaar op dié manier bygestaan. Daar is tans 15 *Ontwikkelingsfinansieringsinstansies* in Suid-Afrika wat aan meer as 200 000 kliënte toegang verleen tot ondernemingsfinansiering en finansiering vir die opbou van bates. Dank die Here vir duisende klein ondernemings wat die afgelope aantal jare in die landelike gebiede van Suid-Afrika tot stand gekom het. Bid dat meer mense

deel van hierdie projekte sal word, hulle ondernemings in stand sal kan hou en uitbrei en al die eer aan God sal gee. (*Resolve Africa*. Webwerf: www.resolveafrica.com. E-pos: info@resolveafrica.com).

Gebedsfokus op gesondheid: Cholera-entstof
'n Meer bekostigbare cholera-entstof sal binnekort internasionaal versprei word nadat dit geblyk het veilig en effektief te wees in 'n groot kliniese toets met ongeveer 67 000 persone wat in die cholera-geteisterde Kolkata, Indië, woon. Na twee jaar was daar 'n tweederde daling in die voorkoms van die siekte by persone wat ingeënt is. Die entstof was ewe effektief in alle ouderdomsgroepe en het nie enige ernstige newe-effekte nie. (Webwerf: http://www.scidev.net/en/news/affordable-cholera-vaccine-closer-to-reality.html). Dank die Here vir hierdie deurbraak. Bid dat die entstof binnekort vir wêreldwye verspreiding beskikbaar sal wees.

Saterdag 19 Junie 2010
Gebedsfokus op kinders: Straatkinders
Die aantal straatkinders wêreldwyd word op 150 miljoen geskat en die getal styg daagliks. Die kinders se ouderdomme wissel tussen 3 en 13 jaar en ongeveer 40% van hulle is haweloos (as 'n persentasie van die wêreldbevolking). Die oorblywende 60% werk op straat om hulle gesinne te help onderhou. Hulle kan nie skool toe gaan nie en leef onder uiters moeilike omstandighede. (Webwerf: http://www.pangaea.org/street_children/kids.htm). Dra die straatkinders in gebed aan die Here op. Bid veral vir deurbrake vir diegene wat die weerlose slagoffers van geweld, seksuele uitbuiting, chemiese verslawing, verwaarlosing en wanhoop is.

Gebedsfokus op redding: Die Kohistani van Pakistan
Die nuwe Karakoram-hoofweg in die Swat-vallei in die noorde van Pakistan kan 'n geleentheid bied vir die Kohistani om die evangelie te hoor. Die Kohistani is een van baie groepe wat onder die Taliban-gevegte in hierdie gebied ly. Nie een van die Kohistani-stamme beskik oor Skrifgedeeltes in hulle eie taal nie. Bid dat hierdie nuwe hoofweg tot voordeel sal wees van arbeiders wat bereid is om langtermyndiens in belang van die Kohistani te investeer. Bid ook dat die Woord in hulle taal vertaal sal word. Vra vir God om mediese spanne en humanitêre werkers te stuur om die Kohistani te bedien. (Global Prayer Digest. E-pos: GPDMOD@wciu.edu).

Sondag 20 Junie 2010
Wat die vrees van die Here nie is nie
Dit is nie 'n bygelowige vrees soos byvoorbeeld vir 'n swart kat wat voor jou verbyloop nie. Dit is nie 'n vleeslike vrees nie, byvoorbeeld 'n vrees vir mense nie (**Matt.10:26-31**). Vleeslike vrees is FOLTEREND, "want vrees verwag straf" (**1 Joh.4:18**). Die Griekse woord vir foltering word soms gebruik in die konteks van die hel (**Matt.25:46**). Daar is as't ware 'hel' in vrees. Vleeslike vrees is VERNIETIGEND. Dit verlam jou en verhoed jou om dit te doen waarvoor die Here jou geroep het. Wanneer die dissipels onder die invloed van vrees was, wou hulle eerder vlug as bid (**Matt.26:56**). Die vrees van die Here is 'n goddelike vrees, wat dui op eerbied vir en aanbidding van God in Sy heiligheid, en om Hom toe te laat om ons harte te deursoek. Toe die heerlikheid van die Here op die berg begin skyn het, het Moses gesê: "Ek sidder van angs!" (**Heb.12:21**). Daar is sommige wat die Here se teenwoordigheid met lighartigheid nader en Hom op 'n onfatsoenlike en ongeërgde manier aanbid - hulle het nie hierdie vrees waarvan die Bybel praat nie.

Om oor na te dink: Troetel jy bygeloof asof dit heilig is? Tweedens, is jy bang vir God, bang dat Hy jou op die een of ander manier kwaad gaan aandoen? Voel jy partykeer so bang dat jy letterlik nie in staat is om te doen wat jy weet die Here wil hê jy moet doen nie? Vra die Heilige Gees om duidelik met jou te praat en die waarheid rondom hierdie saak aan jou bekend te maak. God wil nie hê jy moet vasgevang sit in 'n vrees wat nie van Hom af kom nie. Hy wil jou vrymaak om Hom met oorgawe lief te hê, te vertrou en te gehoorsaam.

Gebed: Vader, ek bely dat ek baie vrese in my hart ronddra en dat ek die vrees van die Here as gevolg daarvan verkeerd verstaan het. Vergewe my, asseblief. Leer my wat die vrees vir die Here regtig is.

Gebedsfokus op vlugtelinge: *Vlugtelinge-Sondag*
Dit is vandag *Vlugtelinge-Sondag.* Die *Vlugtelinge-week* duur van 20 tot 26 Junie. Gemeentes word vandag uitgenooi om te dink aan die moeilike omstandighede van vlugtelinge op alle kontinente en om aktiwiteite soos uitstallings en filmvertonings te reël. Bid asseblief ook vir vlugtelinge regoor die wêreld wat gedwing is om hulle huise te verlaat om vervolging of oorlog te vermy. (Webwerf: www.refugeehighway.net of e-pos: info@refugeehighway.net). Vra die Here hoe jy betrokke kan raak by die mobilisering van gebed vir vlugtelinge wêreldwyd.

Maandag 21 Junie 2010
Gebedsfokus op redding: Toordokters en beoefenaars van heksery
Bid dat al hierdie mense 'n baie duidelike en persoonlike begrip sal kry van die krag, liefde en opstanding van Jesus Christus. Vra dat hulle volkome van die bose verlos sal word en dat hulle getuienis daartoe sal lei dat baie mense vir Jesus sal volg.

Gebedsfokus op *Vlugtelinge-week:* 20-26 Junie 2010
Onthou om te bid vir jong vlugtelinge oral ter wêreld. Bid vir vlugtelinggemeenskappe wat alles verloor het, dat hulle 'n veilige blyplek sal kry. Bid dat die vlugtelinge op tasbare wyse die liefde en teenwoordigheid van die Here sal ervaar, en genesing sal vind van die emosionele trauma van hulle omstandighede. Bid vir hulle praktiese, daaglikse versorging. (Webwerf: www.refugeehighway.net of e-pos: info@refugeehighway.net).

Dinsdag 22 Junie 2010
Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Besoekers
Bid vir elke besoeker wat Suid-Afrika tans vir die toernooi te besoek, dat die Here hulle harte selfs nou al sal voorberei. Bid ook dat talle Suid-Afrikaners die evangelie sal hoor en aangryp tydens die uitreike wat sal plaasvind. Vra dat baie lewens verander sal word en die Here sodoende verheerlik sal word.

Gebedsfokus op *Vlugtelinge-week:* 20-26 Junie 2010
Bid vir die wetgewers en administrateurs van die nasies, dat hulle die moed sal hê om die deure oop te maak vir diegene wat 'n toevlugsoord soek, en om mildelik hulpbronne aan te bied vir die versorging van vlugtelinge in ander lande. (Webwerf: www.refugeehighway.net of e-pos: info@refugeehighway.net).

Woensdag 23 Junie 2010
Gebedsfokus op kinders: Tiener uit skool gesit oor sy geloof
Chen Le is 'n voorbeeld van iemand wat uit die hoërskool gesit as gevolg van sy Christelike geloof. Die *Bazhou Public Security Agency* het bevind dat hy aan Christelike byeenkomste deelgeneem het. Die skool is in kennis gestel om hom te oorreed om daarmee op te hou. Hoewel hy nie spyt is dat hy die uitsettings kennisgewing onderteken het en geweier het om afstand van sy geloof te doen nie, is hy nou verbied om die verpligte toelatingseksamen vir 'n kollege te skryf. *Loof die Here vir Chen Le se onwankelbare geloof in die Here Jesus Christus en vir sy weiering om sy geloof te versaak. Bid dat ander jong mense ook bemoedig sal word om soos hy standvastig te bly.* (*Barnabas Fund Prayer Focus update*. Internasionale webwerf: www.barnabasfund.org of e-pos: info@barnabasfund.org). Bid dat die Here op 'n wonderbaarlike manier vir hom en ander Christenseuns en –dogters sal voorsien om goeie opleiding te kan kry.

Gebedsfokus op *Vlugtelinge-week:* 20-26 Junie 2010
Bid spesifiek vir organisasies en individue wat aan vlugtelinge wêreldwyd ondersteuning verleen om hulle lewens te kan herbou, dat hulle wysheid sal hê oor hoe om God se liefde te bedien aan die mense wat hulle help en red. (Webwerf: www.refugeehighway.net of e-pos: info@refugeehighway.net).

Donderdag 24 Junie 2010
Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Getuienis vir die Here
Bid dat Christene wat die evangelie gaan deel met besoekers en mense wat die wedstryde bywoon, dit onder leiding van die Heilige Gees, met groot liefde, deernis en sonder enige veroordeling, hoogmoed of hooghartigheid sal doen. Vra dat daar eerbied vir die Here sal wees by almal wat die evangelie verkondig, dat hulle dit met groot respek sal doen en ook in hierdie tyd sal groei in hulle verhouding met die Here Jesus.

Gebedsfokus op die *G8-beraad* in Huntsville, Kanada: 25-27 Junie 2010
Kanada is vanjaar die gasheer van die *G8-beraad* wat in Huntsville gehou word. Die *G8* is 'n informele groep wat bestaan uit agt van die wêreld se leiers op ekonomiese gebied, nl.: Kanada, Frankryk, die VSA, Brittanje, Rusland, Duitsland, Japan en Italië. Die jaarlikse beraad is 'n geleentheid vir die leiers van die *G8-lande* om bymekaar te kom en gesamentlike oplossings vir dringende probleme in die wêreld te vind. Vier onderwerpe sal bespreek word: die wêreldekonomie, klimaatsverandering, ontwikkeling en demokratiese regeringstelsels. (Webwerf: http://www.icad-cisd.com/content/pdf/CivilSocietyParticipation/G8-Platform-civil-society-EN.pdf). Bid asseblief vir hierdie byeenkoms, dat die Gees van die soewereine God op hulle sal rus sodat hulle Sy stem kan hoor en daaraan gehoor kan gee. Vra ook dat baie van hulle in dié tyd 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus sal hê.

Gebedsfokus op *Vlugtelinge-week:* 20-26 Junie 2010
Bid dat die vlugtelinge, te midde van hulle noodsituasie, ontvanklik sal wees vir die evangelie in hulle lewens. Vra dat die Here visioene en drome aan hulle sal gee en Homself so aan hulle sal openbaar. (Webwerf: www.refugeehighway.net of e-pos: info@refugeehighway.net).

Vrydag 25 Junie 2010
Gebedsfokus op kinders: Kindersterftes
Die sterftesyfer onder babas en kinders in Suid-Afrika het gestyg, hoofsaaklik as gevolg van die hoë voorkoms van MIV/VIGS. Volgens die *2009 State of the World's Children Report* was die sterftesyfer in 2007 vir kinders jonger as vyf jaar 59 per 1 000 lewende geboortes, terwyl die babasterftesyfer 49 per 1 000 lewende geboortes was. Die belangrikste oorsake van sterftes by kinders onder vyf jaar is VIGS (35% van sterftes in hierdie groep), aangebore toestande (30%), diarree (11%), longontsteking (6%), beserings (5%) en ander (13%). (Webwerf: http://www.unicef.org/southafrica/children.html). Bid dat strategieë om primêre gesondheidsorg en sorg vir swanger vroue te verbeter, hierdie tendens sal kan omkeer. Bid steeds dat kinders die geleentheid sal kry om op 'n jong ouderdom hulle lewens aan Christus te gee.

Gebedsfokus op die *G8-beraad* in Huntsville, Kanada: 25-27 Junie 2010
Een onderwerp wat bespreek sal word, is hoe om die dood van vroue en kinders te voorkom. Daar sterf jaarliks meer as 500 000 vroue, insluitende tienermeisies, aan oorsake wat met swangerskap verband hou, en 9,2 miljoen kinders sterf voor die ouderdom van vyf jaar. Daar is genoeg kennis oor hoofoorsake van sterftes onder moeders en kinders en daar is maniere om die probleem deur middel van eenvoudige en bekostigbare ingryping die hoof te bied. Bid dat dit prakties toegepas kan word. (Website: http://www.icad-cisd.com/content/pdf/CivilSocietyParticipation/G8-Platform-civil-society-EN.pdf). Bid asseblief dat die afgevaardigdes wysheid van God sal ontvang wanneer hulle vandeesweek oor hierdie kwessie beraadslaag, en vir eenvoudige strategieë wat suksesvol geïmplementeer kan word. Bid ook dat elke individuele afgevaardigde 'n openbaring van die Here Jesus sal ontvang.

Gebedsfokus op *Vlugtelinge-week:* 20-26 Junie 2010
Bid vir vlugtelinge in die oorvol kampe in lande soos Soedan, Pakistan, Irak, die DRK en Sri Lanka. Vra dat hulle die mense en die kultuur van die land waarheen hulle gevlug het, sal leer verstaan. (Webwerf: www.refugeehighway.net of e-pos: info@refugeehighway.net).

Saterdag 26 Junie 2010
Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Wedstryde
Bid vir goeie gedrag onder die skares voor, tydens en veral na afloop van elke wedstryd. Vra dat die Here vir sekuriteitswagte prominensie en guns by die mense sal gee sodat geen ongelukke, voorvalle van geweld of misdaad sal voorkom nie. Bid dat oortreders op heterdaad betrap sal word.

Gebedsfokus op die *G8-beraad* in Huntsville, Kanada: 25-27 Junie 2010
'n Saak wat ook bespreek gaan word, is die **transformering van die wêreld se ekonomiese en finansiële stelsel**. Die finansiële krisis het 'n verwoestende uitwerking op die ontwikkelende wêreld: 'n verdere 46 miljoen mense moet met minder as $1,25 per dag klaarkom; uitvoere daal vinnig en direkte buitelandse investering neem af. Dit lei tot die devaluering van plaaslike geldeenhede en 'n styging in die prys van invoere. Daar word beraam dat 28 lande se buitelandse skuld reeds meer as 60% van hulle BBP (bruto binnelandse produk) beloop. (Webwerf: http://www.icad-cisd.com/content/pdf/CivilSocietyParticipation/G8-Platform-civil-society-EN.pdf). Bid dat die Christen-afgevaardigdes vandag insig van God af sal kry. Vra vir God se antwoord en strategie vir die hantering van hierdie kwessies en dat Sy Naam verheerlik sal word.

Gebedsfokus op *Vlugtelinge-week:* 20-26 Junie 2010
Bid ook dat lande wat vlugtelinge huisves, hulle steeds beter en meer doelgerig sal kan versorg. Vra dat hulle die kulturele verskille sal verstaan en dat hulle vreemdelinge in hulle plaaslike gemeentes en kleingroepe sal verwelkom met 'n openheid, bereidwilligheid en gereedheid om te dien. (Website: www.refugeehighway.net of e-pos: info@refugeehighway.net).

Sondag 27 Junie 2010
Die vrees van die Here verdryf alle ander vrees
Daar is geen vrees in liefde nie; maar volmaakte liefde dryf die vrees uit, omdat vrees lyding impliseer. Maar hy wat vrees, het nog nie volmaak geword in die liefde nie. Ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het (**1 Joh.4:18-19**). As ons daaraan dink dat Hy ons Skepper is en ons lewens in die palm van Sy hand hou, bring dit rus en kalmte in ons harte in moeilike situasies. Die vrees van God duld nie die vrees wat die wêreld bring nie. God se vrees in ons reken af met goddelose vrees, en dryf dit heeltemal uit. Goddelike vrees bring volkome vrede en vertroue in Hom. Die vrees van die Here in ons voer stryd met die vrese van hierdie wêreld.

Om oor na te dink: Sukkel jy met vrees deur die loop van die dag namate sekere situasies hulle voordoen? Of word jy wakker met gedagtes van vrees? Dit is vleeslike vrese wat die sorge van die wêreld op ons laai. Vra die Heilige Gees om vir jou die vrees te leer wat van die Here af kom. Eerbied en respek (vrees) vir God sal jou letterlik bevry van die vleeslike vrese wat aanvalle loods op 'n mens se hart en gemoed.

Gebed: Vader van liefde en vrede, ek kom lê al my vrese voor U. Vergewe my dat ek so dikwels die knie buig voor die sorge van hierdie wêreld. Doop my asseblief met U Heilige Gees en met U volmaakte liefde, met die vrees van die Here wat alle vleeslike vrees verdryf.

Gebedsfokus op die *G8-beraad* in Huntsville, Kanada: 25-27 Junie 2010
Klimaatsverandering was ook verlede jaar bo-aan die agenda. Onderwerpe wat bespreek word, is toenemende steun vir hernubare energie en energiedoeltreffendheid. Daar sal ook gepoog word om by te hou met die doelwit

van 'n 80% vermindering van die vrystelling van kweekhuisgasse in ontwikkelde lande teen 2050. (Webwerf: http://www.icad-cisd.com/content/pdf/CivilSocietyParticipation/G8-Platform-civil-society-EN.pdf). Hierdie kwessie bly steeds omstrede. Bid asseblief vir eensgesindheid in die vergadering wanneer dit bespreek word. Vra dat praktiese oplossings gevind sal word en dat die kwessie ernstig opgeneem sal word deur al die lande wat daar verteenwoordig word.

Vroue wat bid: Ek is die stiefma, wat nou?

Ongeveer een derde van alle kinders het 'n stiefouerhuis voor die ouderdom van 18. Ongeveer 50% van alle mense sal in een of ander stadium in hulle lewens 'n stiefouer hê en ongeveer 75% van mense wat skei sal op die ou end weer trou. Wanneer egskeiding ter sprake is, moet ons onthou wat die Woord hieroor sê, nl.: egskeiding is niks anders as geweld nie. Geweld van enige aard het lewenslange gevolge. Net so ook met egskeiding – kinders dra tot hulle dood die letsels daarvan. Wanneer jy dus vandag sê: 'Ek is die stiefma', onthou dat daar 'n kind is wat geweld aangedoen is en sonder sy/haar toedoen vandag moet sê: 'Ek is die stiefkind'.

Wat kan jy as Christen-stiefma vir jou stiefkind doen? Jy kan bid. Jy moet bid. Hier is 'n paar gedagtes en riglyne.

1. **Stiefgesinne ontstaan as gevolg van 'n verlies** en dra dus byna altyd pyn, verwerping en wrokke oor na die nuutgevormde gesin. Dit is van die uiterste belang dat elke gesinslid sy eie verlies, pyn, verwerping, bitterheid, woede, ens. moet deurwerk. Baie gebed is nodig. As 'n ouer sterf of egskeiding plaasvind, ontstaan daar geweldige onsekerheid en vrees by die kind. Baie Christene neem verkeerdelik aan dat 'n stiefgesin wat ontstaan na die dood van 'n ouer makliker is vir die kinders om te verwerk as 'n huwelik na 'n egskeiding. Die pyn en verlies bly egter dieselfde. In albei gevalle word daar getreur. Kinders wat treur toon dikwels frustrasie, depressie en rebellie. *Bid dat jy as stiefma die Here se genade en geduld sal hê en die kinders met Sy onvoorwaardelike liefde sal liefhê ten spyte hiervan. Vra Hom vir guns by die kinders.*

2. **Kinders het 'n pa nodig!** Dit is belangrik om jou man aan te moedig om alleentyd met sy kinders deur te bring. Wanneer 'n pa weer trou, voel die meeste kinders outomaties bedreig/onveilig en mag dalk nie hulle pa met die nuwe vrou wil deel nie. *Bid vir genade om interaksie tussen pa en sy kinders aan te moedig en selfs te inisieer en om geleidelik gesamentlike aktiwiteite in die stiefgesin te integreer. Bid ook vir stiefpa's om uit te reik na jou kinders. Vra vir wysheid vir julle albei ten opsigte van die kinders.*

3. **Die verhouding tussen huweliksmaats is belangrik.** Ongeveer 30% mense trou weer binne 'n jaar na 'n egskeiding. As 'n huwelik wil oorleef moet die verhouding tussen man en vrou gesond bly. *Bid dat julle prioriteit aan julle huwelik sal gee, sonder dat dit ten koste van die kinders sal wees. Vra vir wysheid oor hoe om moeilike situasies as 'n span aan te pak sodat kinders nie kanse sal vat nie. Bid ook dat enige verdeeldheid wat tussen julle mag kom as gevolg van misverstande met die kinders vinnig opgelos sal word.*

4. **Moenie voorwaardes vir jou liefde stel nie**. Baie stiefma's het te doen met moeilike, selfs aggresiewe stiefkinders. Dit is belangrik om te onthou dat mense wat seer het, ander seermaak. Onthou **Mal.2:16**. Stel huisreëls en beginsels daar, maar pas dit altyd met liefde en begrip toe. *Bid dat jy as stiefma die Here se genade sal ontvang om te leer om jou man se kinders lief te hê, al kom daar geen liefde van die kinders se kant af nie. Vra dat die Here aan jou die gawe van opofferende liefde sal gee wat nodig is vir elke gesin se oorlewing.*

5. **Wees geduldig.** Een van die algemeenste wanbegrippe i.v.m. saamgestelde gesinne is dat gesinslede (hopelik) vinnig sal heg. Die gemiddelde saamgestelde gesin kan egter tot sewe jaar neem om te

integreer. Ander nooit nie. Om verhoudings in 'n nuwe gesin te probeer forseer of te verhaas sal net onnodige spanning bring. *Bid dat julle as stiefouers aan albei kante geduld sal hê en konsekwent moeilike situasies sal bespreek en hanteer. Bid dat kinders vinnig sal aanpas en veilig sal voel binne die nuwe gesin en die nuwe verhoudings.*

6. **Foute is onvermydelik.** Die enigste manier om foute te hanteer is om dit te erken teenoor jou eggenoot en die kinders wat in die proses seergekry het. *Bid dat elke wortel van bitterheid, verwyt, pyn en verwerping aan die lig sal kom en bid vir 'n manier om dit in jou eie lewe te hanteer en in die lewe van jou eie en/of stiefkinders. Jesus is die Geneesheer en genees ook emosionele pyn. Bid vir elke persoon in die saamgestelde gesin om die Here se helende krag te ervaar en die belangrikheid van vergifnis (om te vergewe sowel as om vergifnis te ontvang) te verstaan. Vra dat julle as ouers, wat die leiding moet neem, ten alle tye sal volhard en nie moed sal verloor oor een van die kinders nie en hulle almal eenders, met regverdigheid en diepe deernis sal hanteer.*

Maandag 28 Junie 2010

Gebedsfokus op redding: Burgemeesters van stede en dorpe

Stel vas wie die burgemeester van jou stad of dorp is. Bid dat hy/sy die geleentheid sal kry om Jesus Christus as sy/haar persoonlike Here, Verlosser en Meester aan te neem. Bid ook dat die raadslede hulle lewens aan Jesus Christus sal oorgee en Hom alleen sal dien.

Gebedsfokus op redding: Oorbevolkte Moembaai

Moembaai is die vinnigste groeiende stad ter wêreld. Daar word beraam dat ongeveer 10 000 mense elke dag na dié stad migreer. Dit stel 'n groot uitdaging aan die stadsontwikkelaars en ook tot 'n mate aan die welvarendste inwoners. Ongeveer 70% van die bevolking van Moembaai woon in krotbuurte. Bid asseblief oor hierdie toestand, dat die stadsontwikkelaars in staat sal wees om die toestroming te akkommodeer en dat armoede nie konstant sal toeneem nie. Dra ook spesifiek die stad se krotbuurte (met 'n bevolking van 16 miljoen (2001-sensus)) in gebed aan die Here op en vra vir werkers in hierdie ontsaglike oes. (*Church Planter*. E-pos: ecichurchplanter@gmail.com).

Dinsdag 29 Junie 2010

Gebedsfokus op kinders: Slegs 4% van verkragters in SA word gevonnis

Uit elke 100 gevalle van kinderverkragting in Suid-Afrika word slegs vier verkragters gevonnis en tronk toe gestuur. Slegs 57,2% van verdagtes word in hegtenis geneem en voor die hof gedaag, en in die geval van die verkragting van volwassenes daal dié syfer tot 45,2%. Dit beteken dat 42,8% en 54,8% van verkragters in Suid-Afrika die misdryf pleeg en nooit aangekla word nie. (Webwerf: http://www.health24.com/news/HIV_AIDS/1-920,53170.asp). Laat ons volhard met gebed oor hierdie saak en bid dat daar mense bereid sal wees om met getuienis na vore te kom, sodat die oortreders skuldig bevind kan word. Bid ook dat die Here op bonatuurlike wyse sal ingryp wanneer misdadigers probeer om vroue en kinders te verkrag en dat Hy hulle sal oortuig van sonde en aan hulle sal openbaar wie Hy is.

Gebedsfokus op wêreld ekonomie: Die Mirasi in Pakistan

"Kom hier, my kind, en word my vrou." Die welgestelde imam se oë volg die verleidelike dans van die tien jaar oue meisie, Dara. Hy het alreeds die prys betaal vir Dara se kindertyd en maagdelikheid en gaan haar vir 'n rukkie gebruik en dan wegstuur as hy moeg raak vir haar. Dara behoort aan die Mirasi-kaste en sy en haar susters is die gesin se hoofbron van inkomste. By geboorte het meisies hier baie geldelike waarde. As Mirasi-meisies nie hulle kliënte behaag nie, kan hulle gesinne honger ly. Bid dat die Mirasi-bevolking vryheid en liefde in die Verlosser, Jesus Christus, sal vind. Vra ook dat die Mirasi-gemeenskap bevry sal word van die onsigbare kettings van die

kastestelsel en liefde, aanvaarding en waarde sal leer ken as kinders van God. (Global Prayer Digest. E-pos: GPDMOD@wciu.edu).

Woensdag 30 Junie 2010

Gebedsfokus op *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Bid asseblief vandag vir al die personeellede (en hulle gesinne en families) van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk.* Bid spesifiek vir hulle fisiese gesondheid en beskerming teen siekte, rampe en geestelike aanslae. Bid spesifiek vir die redding van al hulle gesins- en familielede. Bid dat God nuwe deure sal oopmaak om gebed as 'n leefstyl op verskillende terreine te bevorder en so Christene sal inspireer om tot God te bly roep. Bid vir almal wat hard werk om na te vors, saam te stel, te vertaal en na te sien aan die inhoud van die gebedsgids. Volhard saam met ons in gebed dat gebedsmateriaal nie in die pos sal wegraak nie, veral die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids.* (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webwerf: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus op moeders wat bid

Moeders in Gebed is 'n organisasie in Nederland wat moeders, oumas, tantes en almal met 'n passie vir kinders wil aanspoor om vir hulle kinders by die skool te bid. Hulle gebedsriglyne behels vier stappe: Om die Here te aanbid en te loof, sondes te bely, dankie te sê en om vir die kinders en die skool op grond van relevante teksverse in die Bybel in te tree. (Webwerf: www.moedersingebed.nl). Bid dat hierdie vroue volgens **Klaagliedere 2:19** sal bid: *Staan dwarsdeur die nag op en roep, stort voor die Here jou hart uit soos water, strek jou hande uit, en bid om die lewe van jou kinders, hulle wat van honger beswyk op die hoeke van die strate.*

Donderdag 1 Julie 2010

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Vrywilligers

Bid vir die vrywilligers (beraam op 250 000) wat aangebied het om by die verskillende sokkerwedstryde behulpsaam te wees, dat hulle eerlik sal wees in hulle optrede met betrekking tot kaartjies en geld, en dat hulle toeskouers sal kan bystaan wat mediese of ander hulp benodig.

Gebedsfokus op sending: *Live School*

Loof die Here vir die kerkplantingsprojek van *Live School* in die noorde van Mosambiek, waar meer as 30 kerke die afgelope drie jaar tot stand gebring is as gevolg van die volhardende gebed van baie mense. Hou asseblief aan bid vir die beplande uitreik-aksie in September, wat gerig is op die stigting van nuwe *Swahili Live Schools* in die provinsie. Bid ook vir doeltreffende geletterdheidsopleiding vir die nuwe bekeerlinge wat nie kan lees of skryf nie en vir die helpers wat betrokke is by leierskapsontwikkeling vir geestelike en ander leiers. (Kontak Chrissie Naudé, tel.: 012 343 1165. Webwerwe: www.liveschool.org, www.worldmissioncentre.com of e-pos: chrissien@liveschoolsa.org).

Vrydag 2 Julie 2010

Gebedsfokus op gesondheid: MIV-toetsing onder mans neem toe

Die *Tweede Nasionale MIV/VIGS 2009*-opname het getoon dat MIV-toetsing onder mans oor die afgelope 12 maande aansienlik (24-60%) toegeneem het as gevolg van bewusmakingsveldtogte en -programme. Die meeste van hierdie mans was van mening dat ontrouheid in verhoudings die norm is. Die idee om aan een maat getrou te wees is vir hulle vreemd. Stabiele verhoudings is nie algemeen by jonger mans nie. Alkoholmisbruik is 'n gepaardgaande probleem, want wanneer mense dronk is, is hulle nie meer bekommerd oor MIV nie. (Webwerf: http://www.sagoodnews.co.za/health_and_hiv_aids/hiv_testing_increases_among_men.html). Bid spesifiek vir 'n nuwe bewustheid onder mans aangaande hul verantwoordelikheid as vaders en dat hierdie bewuswording 'n nuwe verantwoordelikheidsgevoel in hulle sal aanwakker om getrou aan een lewensmaat te wees en verantwoordelik op te tree. Dank die Here vir 'n groter openbare bewuswording i.v.m. MIV/VIGS. Bid dat die Here

Sy hart oor die huwelik aan mans en vroue in die land sal openbaar, sodat baie hulle tot die Here Jesus sal bekeer.

Gebedsfokus op gebed: *ROOT 52* gebedsveldtog
'n Jaar lange gebedsveldtog is in die Verenigde State van stapel gestuur om die Christelike wortels van die nasie te herwin. *Root 52*, die 52 week-gebedstrategie, sal van staat tot staat reis en bid in die volgorde waarin die state histories by die unie aangesluit het. Plaaslike intersessors sal vas en bid vir regeringsleiers en ook dat die spesifieke staat na sy oorspronklike "wortels" in God sal terugkeer. Dank die Here vir hierdie gebedsinisiatief in hierdie nasie wat die verantwoordelikheid opneem om toegewyd te bid, te vas en ook om berou te toon. (Webwerf: http://www.generals.org/prayer/rpn/root-52/). Bid vir God se guns op hulle gebedsreis deur die land en dat daar baie deurbrake vir die evangelie as gevolg daarvan sal wees.

Saterdag 3 Julie 2010
Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Laaste wedstryde
Die laaste wedstryde vind gedurende die volgende twee weke plaas. Bid asseblief vir al die spelers en die toeskouers in die stadions en ook vir dié wat die wedstryde oor die televisie volg. Vra dat God hulle harte sal aanraak en verander te midde van die sportgebeure. Bid dat daar nie geweld in enige stadion voor, tydens of na wedstryde sal uitbreek nie en dat die toeskouers die beslissings van die skeidsregters sal aanvaar. Bid ook spesifiek vir die veiligheid van skeidsregters en hulle gesinne.

Gebedsfokus op die nasies: Haïti verwoes
Haïti is die armste land in die Westelike Halfrond, met 80% van die 9 miljoen inwoners wat onder die broodlyn en 54% wat in uiterste armoede lewe. Ongeveer die helfte van die Haïtiane beoefen voedoe, wat verband hou met Afrika-spiritisme en toordery. Die aardbewing in Januarie was die ergste in 200 jaar. (NewsBytes - January 2010. E-pos: newsbytes@yahoogroups.com). Laat ons aanhou bid vir die fisiese her-opbou van die land. Boweal, roep tot die Here dat hierdie gebeure die harte van die Haïtiane tot die lewende God en Vader van ons Here Jesus Christus sal bekeer.

Sondag 4 Julie 2010
Die vrees van die Here is onlosmaaklik verbind met LIEFDE (Ps.145:19-20)
Daar is 'n verskil tussen om die Here te vrees en om bang te wees vir Hom. Die gelowige 'vrees' God soos 'n kind sy vader respekteer. Die goddelose is bang vir God soos wat 'n oortreder bang is vir die regter. 'n Getroue eggenoot het respek en eerbied vir sy huweliksmaat om haar nie teleur te stel, te verontreg of pyn aan te doen nie, omdat hulle mekaar liefhet. Dit is hier waar liefde en 'vrees' (eerbied) saamwerk.

Om oor na te dink: Hoe beleef jy jou verhouding met die Here? Voel jy dat jy nie naby aan die Here is nie as gevolg van die een of ander gebeurtenis? Moontlik 'n groot teleurstelling soos 'n egskeiding of die dood van 'n gesinslid? Die Here stel waarlik nooit teleur nie, maar die gebroke wêreld waarin ons lewe, doen dit wel. Gebruik 'n bietjie tyd vandag om Hom aan te roep en oor hierdie dinge met Hom te praat. Vra dat Hy daardie eerste liefde wat jy vir Hom gehad het, sal herstel.

Gebed: God van heerlikheid, genees en herstel asseblief my hart. Help my om oor die seerkry van die verlede te kom. Ek begeer om U met my hele hart, siel en verstand en met al my krag lief te hê. Leer my die vrees van die Here.